

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 8, NO 7 JULIE 2002

REDAKSIONEEL

Voor die hof, voor die Hof

Die kanker van menseregte eis sy tol. Natuurlik, want menseregte staan vierkantig teenoor alles wat te doen het met die Verbondsgod wat sy verbondsgenade en verbondseise stel. Menseregte – soos wat dit in die Suid-Afrikaanse grondwet veranker is en in die huidige samelewing toegepas word – wil nie gebind wees aan die wet van die Here nie.

Dit is 'n mond vol om so 'n stelling te maak. Maar laat dié stelling getoets word aan die hand van twee afsonderlike scenarios.

'n Onderwyser in 'n staatskool word van onbehoorlike gedrag aangekla. Die klag word deur drie graad 7 seuns gelê. Die onderwyser word onmiddellik geskors. Nie lank daarna nie word hy summier uit sy pos afgedank. Op grond waarvan? Omdat hy die kinderreg van die drie seuns aangetas het – so word beweer. Die gevolg? Die onderwyser is sy loopbaan kwyt. Daarmee saam sy bron van inkomste, sy vriendekring, sy eerbare posisie in die samelewing. Die skool is minus een kosbare leerkrag. Die hofsak wat volg, duur langer as twee jaar. Die uitspraak van die hof is veelseggend. Die onderwyser blyk onskuldig te wees. Wat nou?

Scenario twee. 'n Broeder verskil openlik van sy medebroeder oor 'n onskriftuurlike uitspraak wat laasgenoemde in die openbaar gemaak het. Die medebroeder laat 'n prokureursbrief by sy broeder aflewer: jy het my reg gekrenk. Ek daag jou voor die hof weens naamskending.

Twee totaal uiteenlopende verhale. Tog is daar 'n duidelike punt van ooreenkoms. In beide gevalle is daar sprake van regs-krenking. Vermeende regs-krenking. Sonder dat die saak onderling behoorlik bespreek en deurgepraat word, word daar aanspraak op die grondwet gemaak. Die moderne mens is 'legalwise'. Ek vat jou hof toe. Wat moet die hof in so 'n geval doen? Die goue regsreël van hoor en wederhoor toepas – *audi alteram partem*. Gelukkig staan daardie reël nog. Dit is 'n uit en uit Skriftuurlike reël. God eis dat mense mekaar nie ligtelik, onverhoord sal oordeel en veroordeel nie.

Maar die Here eis ook dat gelowiges mekaar nie ligtelik voor 'n wêreldse hof sal daag nie. 'Durf iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, gaan reg soek voor die onregverdige en nie voor die heiliges nie? ... As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daarvoor laat sit wat in die gemeente die minste geag word. Ek sê dit tot julle beskaming' (1 Korintiërs 6:1,4 en 5). Inderdaad – dit word tot ons beskaming gesê. Insteede daarvan dat mense mekaar met hofsake en aktes van menseregte dreig, moet daar heeltemal iets ander gebeur. Praat sake onder vier oë met mekaar uit – die goue reël van Matteus 18. En Christus se uitspraak in die bergpredikasie: 'Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie' (Matteus 5:25).

Die uitsprake in Matteus 5 en 18 en 1 Korintiërs 6 rus op 'n belangrike beginsel. Regspraak op aarde is deur God ingestel. *Alle* regspraak op aarde. Ouers wat uitsprake in die gesin se alledaagse struwelinge moet lewer, doen dit kragtens die gesag wat God hulle daartoe gee. So is dit ook gestel met 'n onderlinge vermanende gesprek tussen twee mense, die gesprek in teenwoordigheid van getuies, die kerkrad wat tug moet toepas, die onderwyser wat orde in die klas handhaaf, die werkgewer wat volgens kantooprocedures handel, die owerhede wat die swaardmag by wyse van regspraak moet bedien.

Wat is die geheim? Om op sterkte van vermeende menseregte die skriftuurlike weg van Matteus 5 en 18 en 1 Korintiërs 6 te omseil deur direk op die swaardmag van die owerheid aanspraak te maak? Wie daardie weg volg, sal bemark dat Matteus 18 ook terugwerkend van krag kan wees. Want die hof op aarde is gebind aan die Hof in die hemel. Uiteindelik moet geskille tussen mense – tussen gelowiges in besonder! – onderling uitgesorteer word. Daartoe verbind die hemelse Vader ons. Daartoe is ons verlos deur Jesus Christus. Daartoe word ons gedryf deur die Heilige Gees.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Voor die hof, voor die Hof
- 2 **Skrifoordenking**
Gelyk voor God, of een in Christus?
Ds HLJ Momberg
- 4 **Op die kerkerf**
Die 'sleutel van die kennis' en die nuwe psalmberyming 2001
Prof VE d'Assonville
- 5 **Aktueel**
Bybelonderrig in die Christelike Skool
Ds HLJ Momberg
- 6 **Regte**
Ongebore menslike lewe - die nascituris-reël
Dr AH van den Bout
- 7 **Mediese etiek**
Genesende woorde
Prof JM Boon
- 9 **Rekenaar en internet**
Luther in die wêreldstad
Dr AH Bogaards
- 9 **Lesersreaksie**
Kerkverband
- 11 **Persskou**
• *Arbeidsaam*
Ds GJ Meijer
- 12 JG Meijer
15-08-1931 / 27-06-2002

Gelyk voor God, of een in Christus?

Ds HLJ Momberg, Pretoria

Galasiërs 3:28

Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

'n Hartseer apostel wat soveel moeite gedoen het om die evangelie van Christus suiwer te verkondig, is weer van voor af in barensnood vir die Galasiërs. Sy werk is deur Joods-gnostieke leraars getorpedeer. Hulle het volgens Galasiërs 3:1 die kerkvolk betower. Die gemeentes van Galasië leef in verwonderende aangrype oor die verstommende sogenaamde dieptes waartoe die gnostici buite Christus om kom. Dit is so 'n teleurstelling, want Paulus het nie vaag gepraat nie. Hy het so duidelik gepraat asof hulle Christus voor hulle gekruisig kon sien word.

Paulus roep die Galasiërs tot verantwoording. Hoe het hulle die Gees ontvang? Bedoelende: Hoe het hulle salig geword? Hoe het hulle die wedergeboorte ondergaan? Dit is die groot saak waaroor hy met hulle in hoofstuk 3 praat. Is dit deur die werke van die wet of deur die prediking van die geloof? Die Jode wil hê dat dit deur die werke van die wet moet wees. Die waarheid wat die apostel hierna telkens uit die Ou Testament - vervuld in Christus - gaan aantoon, is egter dat dit nie anders as deur die verkondiging van die geloof in Christus gebeur het nie. Geloof - as gawe van God wat die mens salig maak, of beter: as gawe van God waardeur ons ongeag stand, bloedlyn of geslag, sy saligheid in ontvangs neem.

Alleen genade

In vers 28 maak Paulus dié leer vir die gemeente, wat onder die wettisitiese betowering van die Joodse gnostieke geteister gaan, van toepassing. Die gnostici het seker gemaak dat die kerkvolk op die tipiese Joodse manier steeds saligmakende waardes koppel aan watter statusposisie jy sou besit: of jy Jood of Griek is, slaaf of vryman, man of vrou. Maar waar God nou - soos in die voorafgaande verse die saak van sy geregtigheid beredeneer, en wanneer hy die saak van die toesending van sy Heilige Gees behandel - wanneer Hy ons posisie ten aansien van die vraag of ons in Christus as kinders aangesien word al dan nie, dan sien Hy nie 'n Jood of 'n Griek nie, nie 'n slaaf of 'n vryman nie, nie 'n man of 'n vrou nie. Hy sien 'n geregverdigde, Hy sien 'n volwaardige kind, Hy sien 'n wedergeborene, Hy sien 'n gelowige, Hy sien 'n kwytgelagde, Hy sien 'n mede-erfgenaar. Hy sien die een saad van Abraham, Hy sien Christus, en almal van ons in Hom verenig en toegedek, aangetrek met die kleed van Christus. Hy sien die kerk, en almal wat in die kerk is – onder die seën van Abraham, nageslag van Abraham, volgens die belofte erfgename.

Paulus het dit beslis nie oor mense wat buite Christus staan nie. Hy beskrywe hier nie die breë sosiale maatskappy nie. Hy is nie besig met neo-Marxistiese of Franse-revolusionêre politieke teologie wat die slaaf-vryman verhouding wil omverwerp nie. Hy is ook nie met die globalistiese Babiloniese teologie besig wat onderskeiding tussen volkere wil verander tot 'n universele wêreldburgerskap nie, en hy is ook nie met die feministiese teologie besig wat die onderskeidinge tussen man en vrou probeer ongedaan maak nie. Hy het dit oor hoe anders dit daaraan toe gaan met mense se beskouing en houding van en teenoor mekaar wanneer 'n buitekerklike tot geloof kom, wanneer 'n ongelowige Jood, Griek, vryman, slaaf, man of vrou tot geloof kom. Wanneer die sendingopdrag uitgevoer word en die nasies tot sy dissipels raak en in die Naam van die drie-enige God gedoop word.

Verkeerd verklaar

Nou is daar sommige Bybellesers en/of verklaarders wat hierdie teks anders lees as wat hier staan. Die feminisme beskou hierdie teks selfs as die *locus classicus* (die grondliggendste plek, die klassieke plek in die Bybel) waaruit bewys word dat man en vrou gelyk is, of ook te sê: gelyk voor God is.

Die foutiewe interpretasie van Galasiërs 3:28 lê daarin geleë dat 'n ongeldige vereenselwiging gemaak word tussen wat die Griekse teks as 'een in Christus' (*eis en Christoi*) stel en wat die verklaarders herinterpreteer as: 'gelyk in Christus' (*omoioos en Christoi*) of selfs 'gelyk voor God' (*omoioos pros ton Theon*). Dat hierdie interpretasie menigvuldiglik stry met die kontekstuele inbedding van hierdie teks, moet aan die lig gebring word, veral as ons sou vra: Wat is nou Paulus se boodskap aan die Galasiërs deur hierdie besondere teks binne Galasiërs 3 te skrywe, en ook: Wat presies wil hy onder die Galasiërs weerlê en regstel?

Die probleem wat hy aanspreek is geen nuwe probleem nie, maar so oud soos die verbondsgeskiedenis self. Selfs Jona die profeet het onder hierdie dwaling swaar moes ly, naamlik dat die saligheid asook verskillende bevoorregte posisies ten aansien van die saligheid bepaal sou word deur materiële kwaliteite soos bloedlyn, stand, geslag, volksverband. Die Jode het hulleself in prioriteitsposisies ten aansien van die saligheid gekategoriseer. Dan het dit saak gemaak of jy 'n Jood of 'n Griek is, of jy 'n slaaf of 'n vryman is, of jy 'n man of 'n vrou is. Daar word verhaal van die besondere Fariseïstiese gebed wat God dank dat hy nie 'n heiden, 'n slaaf of 'n vrou is nie. Selfs binne-in Jesus se dissipelkring het die strewende

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel 012 332 2988
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Ds GJ Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@freemail.absa.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

dikwels kop uitgesteek om te wedywer na wie die belangrikste in die koninkryk sal wees. Telkens het Jesus dan op die nederigste en mins-geagte mense onder hulle gewys.

Dieselfde probleem spreek Paulus onder die betowerde Galasiërs aan. Hulle moet weet dat wanneer dit oor die saligheid gaan, of ook selfs ons plek binne die saligheid, die onderskeidinge nie in terme van volk, stand of geslag is nie. Materiële en biologiese onderskeidings wat onder ons geldig is, is nie geldig wanneer dit oor ons ewigheidsbelange gaan nie. Wanneer dit oor ons ewigheidsbelange gaan, is slegs een kriterium geldig en dit is of ons in Christus is. En in Christus is almal wat salig word verenig.

Een in Christus

Een-wees in Christus is 'n baie bekende Pauliniese begrip. In Galasiërs 3 ontwikkel hy die verkondiging van ons een-wees in Christus pertinent as die een weg na saligheid soos wat hy dit aanvoer vanuit:

- Die geloof van Abraham (vers 6)
- Die wat as kinders van Abraham kwalifiseer (vers 7)
- Die plek en vermoë van die wet (verse 10-14)
- Die testamentêre beeldspraak uit die Ou Testament (verse 15-18)
- Die redes waarom die wet van Sinai by die beloftes aan Abraham bygekom het (verse 17-19)
- Die manier waarop die Wet deur 'n middelaar geadminestreer is (verse 19-20)
- Die funksie van die vloek van God teenoor iemand wat aan 'n houtpaal hang (vers 13)
- Die wyse waarop God die heidene in die straf op Christus betrek het (vers 8)
- Die eenheid van God in sy handele met die mens (vers 20)

Elders ontwikkel hy ons een-wees in Christus met die liggaam-metafoer (soos in sy briewe aan die Efesiërs en die Romeine).

Die liggaam-metafoer is noodwendig baie sprekend, omdat dit ooglopend is dat alle ledemate van 'n liggaam nie gelyk is nie, veral omdat hulle nie almal dieselfde funksie verrig nie. En tog is hulle almal een. Hulle is verenig in die Hoof.

Teen hierdie agtergrond kom dit helder aan die lig dat dit in Galasiërs 3:28 nie gaan oor hoe gelyk God die ongelykes gemaak het nie. Dit gaan wel oor hoe God almal op een manier salig gemaak het. Daar is naamlik nie verskillende weë na die saligheid nie. Wat dit betref is daar geen onderskeid tussen man en vrou nie. Daar is maar één weg, en dit is die nuwe en lewende weg in Christus.

Anders – en tog een

Die situasieverandering is soos wat Paulus in 'n kort briefie vir Filémon aanwys wat intussen ingetree het nadat die drosterslaaf Onesimus tot geestelike geboorte (onder die bediening van die Woord) gekom het. Onesimus is steeds jou slaaf, en Filémon is steeds sy meester. Maar dit is eintlik 'n oppervlakkige en minderwaardige verhouding in vergelyking met wat hulle intussen in die Here vir mekaar geword het, hulle het intussen ook broeders in die Here vir mekaar geword. Het hulle dan gelyk aan mekaar geword, noudat Onesimus tot bekering gekom het? Nee, nie gelyk nie. Het hulle posisionele en funksionele verhouding teenoor mekaar verander noudat Onesimus tot geloof gekom het? Nee, ook nie. Wat verander het, is dat die kwaliteit van hulle verhouding verdiep, verhoog en verbreed het. Hulle het 'n nuwe ewigheidsband met mekaar verkry, waarin hulle met mekaar onder die Persoon Christus

verenig is. Die aardse gesagsverhouding is nie uitgewis nie, maar verchristelik. Dit beteken nie hulle is nou ewe skielik gelyk voor God nie, maar hulle is ondanks hulle verskille in status een in Christus. Dus is Onesimus nou 'n heeltemal buitengewone slaaf vir Filémon, en Filémon 'n heel buitengewone meester vir Onesimus.

Hoëpriesterlike gebed

Dat één in Christus nie sonder meer gelyk in Christus kan beteken nie, wil ek graag illustreer aan die hand van die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed, Johannes 17. In hierdie gebed word die woord één 'n paar keer gebruik, maar besonderlik so dat die éénheid wat ons as gelowiges met mekaar het, regstreeks afgelei word uit die éénheid wat die Seun met sy Vader het:

- Johannes 17:11 - En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.
- Johannes 17:21 - dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.
- Johannes 17:22 - En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.
- Johannes 17:23 - Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Sou ons kon sê dat die Vader en die Seun gelyk is, terwyl hier staan dat Hulle een is? Ons beweeg hier op 'n gebied wat in die kerkgeskiedenis groot verstaansprobleme opgelewer het. Die geloofsbelijdenis van Atanasius teen die dwalinge van Arius het hierdie verstaansprobleme tot 'n einde gebring.

Wat in hierdie belydenis/simbool treffend aan die orde kom, is dat ons by die drie-enige God tegelyk gelykheid én onderskeid kry, tegelyk eenheid én verskeidenheid. Wat die drie persone se Goddelikheid, majesteit, heerlikheid, aanbiddelikheid en almag betref, is Hulle volkome gelyk. En tog, wat hulle funksies, persoonlikhede en take betref is hulle ongelyk.

Maar wat eintlik 'n veel belangriker vraag is, is of dit dan wel enigsins die bedoeling van Jesus was om sy 'ongediskrimineerde' gelykheid met sy Vader aan die orde te stel toe Hy van sy éénheid met sy Vader gepraat het waarin sy verlore dissipels ook nou saam met Hom én sy Vader verenig word? Uit die konteks van die hoëpriesterlike gebed is dit veel eerder die gedagte om die geskeie vyandskap wat daar weens die sondeval tussen God en mens gekom het, weer tot versoening te bring, en dat die vyandskapsverhouding buite die versoeningsdaad om nou in die offergawe van Christus weer in volkome liefdes-, blydskaps-, heiligheids- en waarheidsbeleving met God en met mekaar omgesit kan word. So wil die woord éénheid hier binne die konteks van die gebeure op die groot versoendag verstaan word, en alhoewel daar aansluiting daarmee is, is dit nie Jesus se mening om in hierdie gebed te praat van sy Godegelyke gestalte wat Hy in die hemele gehad en prysgegee het (vergelyk Filippense 2), en onder die diskriminasie van verknegting gebuk gegaan het totdat Hy na sy oorwinning weer regstellende aksie, gelykmaking kom opeis nie. As Jesus dus die eenheid tussen Hom en sy Vader voor sy dissipels uitspreek, is dit nie asof Hy daarom aanspraak wil maak om in terme van taak en funksie die posisie en plek van sy Vader as gelyke voor Hom te kom nie, of ook nog veel minder dat die Vader sy Vaderskapsposisie en funksie ontledig tot 'n gelykheid met dié van die Seun nie. Hy bedoel met die eenheid met sy Vader 'n vereniging in volkome liefde. Daarin wil Hy sy dissipels laat deel. Al sy dissipels: Griek en Jood, slaaf en vryman, man en vrou - ook vandag.

Die 'sleutel van die kennis' en die nuwe psalmberyming 2001

Prof VE d'Assonville

Die verpletterende Bybelteks teen die Joodse teoloë

Dit is Jesus Christus wat van 'die sleutel van die kennis' in die kerk praat. Ons lees dit in Lukas 11:52: 'Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem; self het julle nie ingegaan nie, en vir dié wat wou ingaan, het julle verhinder'.

Dit was die hoogtepunt van 'n verdoemende reeks herhalings van 'wee julle' oor die Fariseërs en wetgeleerdes. Hulle was die toonaangewende teoloë van destyds.

Is daar ooit 'n groter woord van vervloeking as die 'wee julle', wat kom uit die mond van Jesus Christus? Dan kom die lewe tot stilstand. Daar is geen uitkoms meer nie. Alle deure word toegesluit. Die kerk word pikdonker met die Bybel en al. Geen redding vir die sondaar meer nie.

Hierdie 'wee julle', wat Jesus uitspreek, is die teenoorgestelde van die 'salig is hulle' in dieselfde hoofstuk: 'Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar' (Lukas 11:28).

Vreeslik is die oordeel oor die mens wat 'die sleutel van die kennis' wegneem. Soveel verskrikliker word dit as die kerkleiers hierdie sleutel uit die kerk verwyder! Dit was die groot misdaad van die wetgeleerdes. Hierdie manne met al hulle Bybelkennis gaan self nie in die koninkryk van God in nie, en hulle versper ook die pad vir die ander wat wil ingaan - juis vir arme, verlore sondaars. Die sleutel wat hierdie koninkryk moet oopsluit, word verwyder. Met die Heilige Skrifte in die hand, verwerp hulle die Seun van God. Met al die wetskodes en reglemente waarmee hulle die orde wil handhaaf, word die *evangelie van genade* uitgeban.

Jesus Christus is die sleutel

Die sleutel van die kennis ... Wat is dit? Wat bedoel Jesus daarmee? Dit is die kennis van God in Jesus Christus en sy Woord. Dit is die enigste ware 'teologie'. Met hierdie kennis word die koninkryk van God oopgesluit. Dit is die enigste suiwer, ware *Skrifuitleg* waarvan *Jesus Christus die inhoud* is. Hierdie saak is so belangrik dat die apostel Petrus aan die kerk skryf: 'Julle moet veral dit weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie' (2 Petrus 1:20). Die Ou Testament verkondig Jesus Christus. Hy, ons Verlosser, sê dit oor en oor aan die Skrifgeleerdes en aan ons:

'Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het, en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie' (Johannes 5:39-40).

'As julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?' (Johannes 5:46-47).

'O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! ... En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.' (Lukas 24:25,27). 'Dit is die woorde

wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in Moses en die profete en die psalms vervul moet word.' (Lukas 24:44).

Sonder die sleutel geslote kerkdeure

Met die sleutel *Jesus Christus* staan of val die kerk - ook 'n gereformeerde kerk. Christus se uitroep 'wee julle' is vir ons 'n aangrypende waarskuwing. Met die volmaakte Bybel en die mooiste kerkorde in die hand, kan die deure van God se koninkryk steeds toegesluit bly. Met die roemrykste tradisies en 'n effektiewe 'gereformeerde' sisteem, kan sondaars voor geslote poorte staan - want iemand in die gemeente het die sleutel weggegooi.

Die wetgeleerdes (teoloë) ken die wet. Hulle besit die teks van die Ou Testament. Die Joodse Talmoed (tradisies, sedesesse, ordereëls, 'sinodebesluite') is altyd byderhand. Die struktuur van hulle godsdiens om die artikels van die wet na te kom, is presies uitgewerk. Aan die buitekant van hierdie 'kerklike struktuur' is die beker en die bord skoon maar, so sê Jesus, 'van binne is julle vol roof en boosheid' (Lukas 11:39).

Die nuwe psalmberyming 2001

Hoe is dit tog moontlik? Die *Christus-profesieë* is uit die nuwe psalmberyming van 2001 'verwyder'. So het die digter van die psalm-omdigting dit in die Sondagkoerant, *Rapport* van 4 November 2001, aan 'n joernalis vertel. Hy vertel van die 'Messiaanse verwysings in sekere psalms wat nou op grond van nuwe navorsing verwyder is' (p. 25).

Behalwe die 'verwydering' van die wet en die *verbond* op plekke uit die psalms, weet ons dat die verwysings na *Christus* onder andere uit die volgende berymde psalms weggelaat is: Psalms 2:7, 22:8, 22:17b, 22:23, 22:24, 31:6, 37:11, 41:10, 45:7, 47:6, 67:3, 68:19, 69:10, 82:6, 89:13 en 110:1.

Oor *Psalm 110* het die digter in *Die Kerkbode* van 13 April verklaar dat hierdie psalm 'volgens my teologiese adviseurs ... nie 'n Messiaanse Psalm' is nie. Hierdie psalm word ten minste 14 keer in die Nuwe Testament op Jesus Christus toegepas; ook deur Jesus Christus self om sy *godheid* teenoor die Fariseërs te bewys (Matteus 22:44; Markus 12:36; Lukas 20:42). Psalm 110 is vir Petrus op die Pinksterdag die bewys dat Jesus Christus die *Heilige Gees* uitgestort het (Handelinge 2:34).

Die sleutel van die kennis weggegooi

Dit is 'n meedoënlose feit: Die *nuwe psalmberyming 2001* het *Christus* uit die Psalms verwyder. Die digter vertel dit self en ons kan dit bewys. En nou? Wie kan dit met 'n vrye gewete in die kerk sing? Die *sleutel* is weg.

'Elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is' (Matteus 10:34).

Bybelonderrig in die Christelike Skool

Ds HJ Momberg, Pretoria

Daar word aanvaar dat dit die ouer se taak is om, ingevolge God se verbondseise en hulle doopbelofte, hulle kinders in die vrees van die HERE te onderrig en te laat onderrig. Ons aanvaar verder dat die onderwyser optree in die verlengde van die ouerhuis, om die kinders verbondsmatig in die vrees van die Here op te voed. Dit is die rede waarom ouers vir die skoolonderrig van hulle kinders alles moontlik in werking stel om toe te sien dat onderwysers belydende gereformeerde lidmate onder opsig en tug van die kerkrade is. Dit kan egter alleen gebeur sodra ouers weer hierdie roeping op hulle neem soos wat die HERE dit op ons gelê het. Ons kan probeer om eerste die bestaande voorreg van staatsonderwys deur ons aktiewe deelname te bly reformeer. Dit slaag egter dikwels nie. Ons ondervind grootliks dat ons grondbeginsels moet prysgee ter wille van die finansiële gerief van 'goedkoop' staatsonderwys. Dan mag ons dit nie verder gebruik nie.

Dat ouers hulle kinders se skoolonderrig in die vrees van die HERE moet laat geskied (Artikel 21 Kerkorde), is immers 'n onverhandelbare reël. Ons moet ons kinders opvoed en laat opvoed om in hulle hele kultuuroopdrag (Genesis 1 en 2) hoe langer hoe meer die beeld en gelykenis van God te wees en te word wanneer hulle geleer word om die skepping te onderwerp, daaroor te heers, dit te bewerk en te bewaak.

Teenargumente

Dikwels word ons Godgegewe roeping ook met teenargumente gerelativeer. Teenargumente wat beslis geen skynargumente is nie, is onder meer dat daar baie ouers is wat finansiële geen ander opsies kán behartig nie, of ook dat ons bang is om ons kinders te erg van ander te isoleer. Tog weet ons dat die HERE ons doopbeloftes en ons opvoedingsroeping (vergelyk Deuteronomium 6: 6,7) nie deur finansies laat bepaal nie. Bowendien hét Hy sy kerkvolk 'n uitverkore priesterdom gemaak wat Hy in Christus geheilig het en vir Homself afgesonder het. Of ons dan nou van die gegewe staatstrukture of van enige ander strukture gebruik maak, bly daar buitendien nog altyd die direkte taak wat ons moet verrig wanneer ons in die huis sit, of op pad is, gaan lê en opstaan.

Dit is egter so dat die verbondsouer se vermoëns op sekere tegniese en spesialiteitsterreine vir die bekwaammaking tot die mondige lewe tekort skiet. En indien die gawes dalk nie tekort skiet nie, dikwels dan wel die tyd om naas normale daaglikse verpligtinge ook hierdie taak te behartig. Dan maak ouers van hulp-ouers (onderwysers) gebruik. Dit is besonders om te sien hoedat die Leermeester van die Spreukeboek dikwels oor allerhande lewenswysede toerusting gee in die vrees van die HERE, maar dit deurgaans doen binne die ouer-kind verhouding. En ouers kan dankbare gemoedrus hê as hulle weet dat die onderwyser/s hulle kinders in dieselfde vrees van die HERE sal hanteer en lei as wat die ouers dit in hulle huise behoort te doen. Ouers kan dankbaar wees as hulle weet dat die onderwysers die doopbeloftes vir die onderrig van die kinders onderskryf soos in die ondertekeningformulier vir ampsdraers.

Hierdie laaste is 'n kern-onderskeid tussen die opvoedkundige model van die staat, teenoor die instruksie wat die HERE

onder andere in Deuteronomium gee. Laasgenoemde is immers die standaard wat christene vir die onderwys moet gebruik.

Toegee, in die inleidende paragraaf van die 'Revised National Curriculum Statement' vir die verskillende leer-areas in grade R tot 9, kom ons onder die indruk van die breë verantwoordelikheid wat die staat moet onderneem vir die wye spektrum van leerders uit 'n grootliks onder-ontwikkelde massa mense van Suid-Afrika. En hierin word vermeld watter eerbare uitkomst vir die breë bevolking beoog word. Hierdie opset plaas 'n sekere outonomie in die hand van die onderwysstruktuur met sy professionele onderwyskundiges waaraan die kinders noodwendig onderwerp word, selfs sonder medewerking of toestemming van die ouers. En dit is ook verstaanbaar, omdat die staat sy burgers moet beskerm en ophef deur die instrument van die onderwys. In hierdie model is dit die beperkte taak van die ouer-komitees en die beheerliggame tesame met die ouers om aan die skoolstruktuur met sy hiërgiese lynfunksies hoofsaaklik ondersteuning te gee.

Gereformeerde dink

Maar gereformeerde denke oor die onderwys is veel meer toegespits en moet meer verrig en veel aktiewer optree as die algemene doelwitte van die staat. Die gereformeerde onderwyser tree in 'n spesialis-hoedanigheid op as hulp vir die verbondsouer, en met volle opname van die verbondsbeloftes van die verbondsouers. Hulle onderrig nie maar net die kinders as die burgers van die staat, of die volksgenote van 'n bepaalde volk nie, maar besonderlik die dooplidmate van die kerk van die Here Jesus. Dit is wesentlik hulpverlening aan die ouers tot die opbou van die kerk van die Here Jesus. In hierdie besondere roeping moet die kinders geleer word hoedat verbondskinders tegelyk afgesonderdes vir die Here is. Ook die antitese tussen kerk en wêreld moet naas alle relevante raakvlakke daarmee onderrig word.

Dit geld eweneens by die kennis en die toepassing van die Bybel. Ook hierin tree die onderwyser as 'n aanvullende verlenging van die ouerhuis op – onder toesig van die kerkraad (Artikel 21 Kerkorde).

In Efesiërs 4 leer ons dat die Here herders en leraars gegee het om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk. Verbondsouers en onderwysers (van kinders van verbondsouers) is ook heiliges wat vir hulle dienswerk deur die herders en leraars, ouderlinge en diakens toegerus moet word.

Om hierdie rede is die bepaling van leerinhoud met betrekking tot godsdiensonderrig en die toerusting daarvoor vir verbondsouers-en-kindere nie eerstens 'n staats-onderwyskundige aangeleentheid nie, maar kragtens die doopbelofte 'n huislike en kragtens die Kerkorde artikel 21 'n kerklike aangeleentheid.

Enige leerplanne asook lesinhoud is wesentlik aan die goedkeuring van ouers van die dooplidmate onderworpe. En die aanbidding daarvan, net soos huiskategese en alle ander kategese aan lidmate, staan via die ouers onder die toesig van die kerkrade.

Wat die bepaling van die leerinhoud betref, is dit die kerndoel

van Bybelonderrig dat die kinders die leer van die Skrif vanuit die inhoud van die Skrif as die openbaring van God ontdek en dit toepas. Daarom is dit noodsaaklik dat die kinders die opbou en die konstruksie, die agtergronde en die materie van die Skrif mettertyd sal ontdek as die boek waarmee God Homself genoegsaam besonderlik openbaar het, sodat ons Hom en onself kan ken, die volkome leer van die saligheid daarin terugvind en die hele wyse waarop ons Hom moet dien.

Die onderrig van verbondskinders in die Woord van die Here is daarom 'n besondere taak van die ouers asook van die onderwysers as hulp-ouers - 'n taak wat hulle nakom in die amp van die gelowige, en waarvoor hulle deur die besondere ampte toegerus word en waarvoor hulle ook onder die opsig, leiding en tug van die besondere ampte geplaas is.

Konsekwensies

Waar bepaalde kerklike gemeenskappe nog nie oor hierdie saak aktief hande vat nie, en waar ouers maar tevrede is dat daar darem nog 'soos in die ou dae' met Skriflesing en gebed

geopen en met 'n geestelike lied afgesluit word, behoort ons uit die slaap wakker te word. Ouers wat dit nie aktief op hulle neem om kinders binne die skerp antiese tussen kerk en wêreld op te voed en te laat opvoed nie, wat maar gewoon luister na die gemaksugtige drange van die jeug en daaraan gevolg gee, maar weier om hulle ware en akute nood aan Godskennis en verbondstaal aan te leer, taal wat hulle nie outomaties het of vanself uit die omgaan met die wêreld sal aanleer nie, nie dit aan te leer soos mens hulle van kleins af leer, en hulle in die goeie stryd van die hemelse koninkryk bekwaam te maak nie, dra daartoe by dat die kerk mettertyd in haar onmondigheid en haar onkunde en haar onbekwaamheid weggkwyn.

'My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis.' So word die onwil van ouers om hulle kinders in die ware Godvrees op te voed (ook wat die skoolonderrig betref) eindelik een van die belangrike redes waarom die kerke 'n gestadigde geestelike en finansiële dood sterwe. Jongmense verloor aan die hand van die ouer mense die sin van kerkwees. Die noodwendige gevolg is dat die kerke in ons land en wêreldwyd teen die huidige tempo baie honderde lidmate per jaar verloor.

REGTE

Ongebore menslike lewe – die *nasciturus*-reël

Dr AH van den Bout, Pretoria

In 'n aantal vorige artikels is daar gekyk na die regte van mense aan die einde van hulle lewe. Ongebore menslike lewe het volgens ons reg onder bepaalde omstandighede egter ook regte. Waar dit volgens die nuwe abortuswetgewing in die eerste periode na konsepsie lyk of menslike lewe geen aanspraak kan maak op artikel 11 van die Menseregte Handves in ons nuwe grondwet nie, waar 'n absolute reg op lewe geproklameer word aan elkeen, gee die *Nasciturus*-reël in ons reg tog erkenning van regte. In hierdie artikel sal agtereenvolgens nagegaan word wat die *Nasciturus*-reël inhou, wat sy oorsprong is en hoe dit in ons Suid-Afrikaanse reg sy toepassing vind. In 'n opvolg artikel sal ons probeer om na te gaan wat die Bybel oor hierdie saak sê.

Betekenis van die *nasciturus*-reël

Die spreuk '*Nasciturus pro iam nato habetur quotiens de commodo eius agitur*' beteken: 'n ongebore kind word as gebore beskou so dikwels as wat dit tot sy voordeel is. Onder *nasciturus* verstaan Hiemstra 'n verwekte maar nog ongebore kind. Hierdie konsep dat die ongebore kind as gebore beskou word, het as doel om die ongebore kind onder bepaalde omstandighede regte toe te ken. Die kerngedagte hierby is dat 'n menslike persoon eers by die geboorte as 'n regssubjek erken word.

Regssubjektiviteit is dan die eienskap om 'n regssubjek, met sy kompetensies, regte en verpligtinge in die regsverkeer te kan wees. Elke persoon het dus 'n status in daardie regsverkeer wat normaalweg by geboorte ontstaan.

Wat word in die reg onder geboorte verstaan?

'n Menslike lewe word eers as gebore beskou as dit aan twee vereistes voldoen. Eerstens moet die menslike lewe van die

moederlyf geskei wees, uit die moederlyf uit wees. 'n Voltwoide geboorte vereis nie dat die naelstring geknip moet wees nie. Tweedens moes die menslike lewe na sy afskeiding selfstandig geleef het, al was dit ook maar vir 'n kort oomblik. Asemhaling en lewensvatbaarheid is vir hierdie selfstandigheid die belangrikste begrippe. Die inhoud van die begrip lewensvatbaarheid verander natuurlik soos die wetenskap vorder.

Die oomblik wanneer vasgestel word dat menslike lewe gebore is, moet die kind volgens die Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes aangemeld en geregistreer word. Die oomblik wanneer menslike lewe as gebore beskou word, beskik dit dus al oor die regte soos die Menseregte Handves van ons nuwe Grondwet dit toeken, onder andere die reg op menslike waardigheid (art 10), die reg op lewe (art 11) en die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon met die reg op fisiese en psigiese integriteit (art 12).

Oorsprong van die *nasciturus*-reël

Die *nasciturus*-reël stam reeds uit die Romeinse Reg. 'n Persoon is volgens die Romeinse Reg 'n persoon van sy geboorte tot by sy afsterwe. 'n Slaaf word hierby ook as 'n persoon gesien, alhoewel 'n slaaf verder as 'n objek behandel is. 'n Regspersoonlikheid soos 'n maatskappy is nie as 'n persoon gesien nie, eenvoudig omdat dit nie 'n mens was nie. Tog het die Romeinse Reg aan regspersone soos die staat en die fiskus bepaalde regte en verpligtinge toegeken.

Die Romeins-Hollandse reg soos dit dan na die Middeleeue ontwikkel het, het ook die *nasciturus*-reël oorgeneem, soos blyk uit geskrifte van De Groot, Voet en Van der Keessel.

Omdat die gemene reg soos dit in Suid-Afrika toegepas word sy oorsprong vind in die Romeinse Reg, die Romeins-Hollandse

Reg en later ook die Engelse Reg, het die *nasciturus*-reël 'n deel van ons regsbegrippe geword.

Toepassing van die *nasciturus*-reël in die Suid-Afrikaanse reg

Die *nasciturus*-reël, dat 'n ongebore kind as gebore beskou word so dikwels as dit tot sy voordeel strek, het in die Suid-Afrikaanse Reg op verskillende gebiede toepassing gevind. Waar 'n erflater te sterwe gekom het na die verwekking en voor die geboorte van die erfgenaam, kwalifiseer so 'n fetus *in ventre matris* om in die erfenis te deel. In die hofsak van *Ex Parte Boedel Steenkamp* het die erflater sy boedel bemaak aan sy dogter en haar kinders van die eerste geslag 'wat by datum van dood (van hom) in die lewe is'. Die Hof het op grond van die *nasciturus*-reël bevind dat die dogter, wat swanger was, se ongebore kind ook moet deel in die erfenis.

Wanneer 'n vader van 'n gesin gedood word as gevolg van 'n onregmatige daad, dan het die kind van die moeder wat swanger is ook 'n onderhoudseis teen die dader. In die *Chrisholm* saak is besluit dat die vorderingsreg van die ongebore kind op onderhoud van die vader benadeel is deur die dood van die vader.

Wanneer 'n ongebore kind beserings voor die geboorte opgedoen het as gevolg van byvoorbeeld 'n ongeluk, dan het die kind na sy geboorte die reg om vergoeding te eis. In die *Pinchin* saak is 'n swanger vrou in 'n motorvoertuigbotsing beseer as gevolg van nalatige bestuur deur 'n ander. Na die geboorte van die kind het dit geblyk dat die kind breinbeserings opgedoen het. Alhoewel in hierdie spesifieke saak die eis afgewys is, het Regter Hiemstra op grond van die *nasciturus*-

reël bevind dat die fetus wat beserings opgedoen het 'n skadevergoedingseis het na sy geboorte. Selfs beskadiging as gevolg van bepaalde geneesmiddels voor die geboorte gee die gebore kind 'n reg op vergoeding.

Daar is wel verskil van mening onder die Suid-Afrikaanse regsskrywers oor die reikwydte en die toepassingsgebied van die *nasciturus*-reël. Party skrywers voel dat die *nasciturus*-reël slegs tot die erfreg beperk moet bly, terwyl ander die fetus al as 'n regspersoon sien, omdat die skade wat 'n fetus ly 'n toestand is wat voortduur van die voorgeboortelike toestand, deur die geboorte en daarna. Daar word ook deur party regsskrywers gepraat oor die *nasciturus* fiksie, waarby die geboorte as denkbeeldig in gedagte gehou moet word, terwyl ander eerder die ontstaan van regte en pligte met geboorte as die fiksie beskou.

In die belangrike hofuitspraak van die *Christian League of South Africa v Rall* in 1981 is gestel dat 'n fetus nie 'n regssubjek is en dus geen regte het of regte deur 'n regsreël kry nie. Volgens hierdie regsuitspraak bly die *nasciturus*-reël 'n fiksie, of te wel 'n veronderstelling. Waar die regte van die ongeborene dus volgens die *nasciturus*-reël teruggaan tot die konsepsie, opper party regsskrywers dat die presiese tydstip van konsepsie moeilik, indien enigsins bepaalbaar is.

Ander weer stel dat die ongeborene slegs 'n potensiële regssubjek is, aangesien hy voor die geboorte nog deel van die moederliggaam is (*pars mulieres*). Regte word dan swewend gehou tot tyd en wyl die kind gebore is.

Oor hierdie belangrike saak gee die Skrif ons egter duidelik leiding. By 'n volgende artikel sal die oorwegings van Gereformeerde etici DV bespreek word, met 'n samevattende bevinding vir ons as gelowiges vandag.

MEDIESE ETIEK

Genesende woorde

Prof JM Boon, Pretoria

Die sewende gebod van die Here se wet het in die laaste 15 jaar in Suid-Afrika seker die mees aktuele gebod in die gesondheidsorg geword. 'n Baie gevreesde siekte, VIGS, het sedert die middel tagtigerjare van die vorige eeu die mediese wêreld heeltemal onkant gevang. 'n Siekte waarvan ons weet dat die oorsaak direk verband hou met die kuisheidsgebod. Want dit is juis die onkuisheid wat God haat. Hy roep ons op om kuis en ingetoë te lewe binne sowel as buite die huwelik.

Syfers van die Departement van Binnelandse Sake toon dat die aantal mense wat voor hul vyftigste jaar sterf in die afgelope tien jaar verdubbel het. Prof Makgoba van die Mediese Navorsingsraad het onlangs die dramaties hoë sterftesyfer onder die ouderdomsgroep twintig tot dertig verbind aan die werklike prentjie van VIGS in ons land.

Onlangs is daar 'n wêreldwye kongres oor VIGS in Barcelona in Spanje gehou. Die betekenis van hierdie samekoms van wetenskaplikes oor die wêreld blyk groot te wees vir die hele sub-Sahara Afrika. Veral omdat daar sedert die begin van die VIGS epidemie tien jaar gelede nog geen werklike beleid oor die hantering van hierdie siekte in Suid-Afrika is nie. Vigs-pasiënte ontvang tans betreuenswaardige sorg in staats-hospitale. Om dit alles te kroon is daar twyfel by die hoofbestuur van die land oor die oorsprong van VIGS en die effek van middels op die uitkoms van die siekte.

Intussen word die gebruik van kondome oral as die enigste

redmiddel verkondig. Dit terwyl ons weet dat die program van byvoorbeeld Museveni in Uganda reeds vrugte begin afwerp. Die program heet die ABC en het elke huishouding bereik: A vir 'abstinence' (onthouding), B vir 'be faithful' (wees getrou), en C vir 'condom' (gebruik 'n kondoom). Ons merk niks van die A en B in Suid-Afrika nie. Klaarblyklik pas dit nie in by die geestesklimaat van ons land waar jy nie vir iemand voorskryf wat om te doen nie. Hierdie onheilsame weg wat nie rekening hou met die goeie gebod van die HERE wat ons lewe wil beskerm nie, begin nou sy tol eis. Kinders sterf vóór hul ouers, en die ouers moet verder vir die HIV positiewe kleinkinders sorg.

Tans plat die groei van die siekte in eerste wêreld lande af. Noord-Amerika en Europa ervaar 'n negatiewe groeikoers (-13%), terwyl die grootste groei in Suidelike Afrika en Asië plaasvind. Meer as 50% van die wêreld se HIV/VIGS pasiënte kom in ons deel van die wêreld voor.

In Suidelike Afrika word 'n postiewe koers gelykstaande aan die totale werksmag van SA verwag. Veertig persent van ons mynwerkers is HIV positief. Voorgeboorte klinieke in veral Natal en Gauteng rapporteer 'n positiewe HIV syfer van twee uit elke vyf vroue in die kliniek. Die getal HIV positiewe pasiënte in SA word tans gereken op een uit elke vyf mense. Daar word verwag dat die bevolking se groeikoers teen 2004 nie meer positief sal wees nie.

VIGS wesies is aan die toeneem. Die gemiddelde lewensverwachting van 'n kind wat vandag onder die ewenaar in Afrika gebore word, is 50% minder as 'n kind wat in Europa gebore word. In 'n gemeenskapshospitaal soos Mamelodi, sterf daar weekliks byna 'n handvol mense aan VIGS waarvan die hospitaalpersoneel bewus is.

Oorsake

Daar word onder andere beweer dat die lewenstyl van arm mense in SA die oorsaak van VIGS is. Met lewenstyl word die lewensomstandighede van die lae sosio-ekonomiese groep mense in SA bedoel. Swak behuising, sanitasie en watervoorsiening byvoorbeeld.

Uiteraard speel hierdie faktore 'n belangrike rol by die progressie van die siekte en is dit belangrik dat daar ook hard gewerk word om hierin verbetering te bring.

Daar is egter iets wat misgekyk word. Dit is naamlik die feit dat die oorsaak van VIGS inderdaad die lewenstyl van mense betrek, maar dan veral 'n *sondige* lewenstyl. 'n Lewenstyl wat met die sewende gebod van die HERE nie rekening hou nie en blind is vir die afkoms, geslag of sosiale status van 'n mens. 'n Lewensstyl wat nie die goeie Koninkrykswet van die HERE in ag neem nie, en by die oortreding daarvan ramspoedige gevolge vir die gewone lewe op die hals haal.

Die sewende gebod het geweldige implikasies vir die sosiale lewe. 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie' - dit is veral belangrik in die VIGS problematiek. Hierdie gebod geld nie net vir getroudes nie, maar ook vir ongetroudes. Met hierdie gebod wil die HERE die lewe van sy kinders beskerm sodat ons kan doen wat die HERE van ons vra in sy koninkryk. Dit is om onder andere kinders, vaders en moeders in sy koninkryk te wees.

In die sewende gebod leer die HERE ons: 'My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam' (Spreuke 4:20-22). Is dit nie 'n pragtige logo om die stryd teen VIGS aan te knoop as christen dokters en verpleegsters nie? Genesing vir die hele liggaam lê opgesluit in die gebod om die liggaam rein te bewaar voor en binne en buite die huwelik. Is dit nie dié voorkomende maatreël in die stryd teen VIGS nie? Voorkoming beteken tog om siekte van die liggaam te voorkom? Laat ons profeties met hierdie voorkomende geneeskundige woorde uit die Skrif ook na die risikobevolking in ons omgewing gaan. Inderdaad, die Bybel leer ons dat die genesing van die liggaam geleë is in die luister, bewaar en uitvoer van die gebooe van die HERE.

Is die Skrif 'n uitgediende boek wat nie meer iets te sê het vir die probleme van die 21ste eeu nie? Hoegenaamd nie, elke christen werker in die geneeskunde kan profeet wees in ons dag. Profesie uit die Skrif wat die lewe genees.

VIGS en die Skrifte

Die hele vyfde hoofstuk van Spreuke spreek die sondige lewenstyl, wat die oorsaak van VIGS is, aan. 'Want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wilde-als, soos 'n swaard aan weerskante skerp. Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe' (Spreuke 5:3-5). Inderdaad word die siekte VIGS nie hier beskryf nie. Maar iemand wat al aan die sterfbed van 'n jong 25-jarige man met VIGS gestaan het, sal iets besef van die bitterheid wat die oortreding van die sewende gebod meebring.

Paulus verwys ook in 1 Tessalonisense 4:4-5 na die hartstogtelike begeerlikheid van die heidene, en roep die gemeente op dat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eer moet verkry. Dit is inderdaad die hartstogtelike begeerlikheid wat in ons samelewing, in beide die gegoede woonbuurte as die *townships* die toon aangee. Is dit nie die wortel van die moderne afgode wat uitdrukking vind in die vermaak van die 21ste eeu nie? Die naweekcultuur van pret en plesier, die leesstof en kykstof (veral die sogenaamde "sepies") om ons, selfs tot in ons huise? Waarom sien ons so baie jongmense met VIGS? So baie 'ongewenste' swangerskappe? So baie plakkate wat kondome adverteer as die oplossing vir VIGS? So baie huise sonder 'n pa?

Die gewoonde raak hieraan het al sover gevreet, dat die gebod van die HERE nie meer raakgesien word nie. Daardie goeie gebod wat ons lewe wil beskerm. Mense kom nie meer in die kerk nie, sodoende hoor hulle ook nie meer die wet van die HERE nie. En die chroniese afwesigheid van die hoor van God se wet stig chaos in die lewe.

Profetiese medikus

Elke christen dokter is dit aan sy pasiënt, wat in die risikogroep van HIV val, verskuldig om profeties die goeie gebod van die HERE voor te hou.

Die dokter en beleidmaker wat nie die sewende gebod betrek in sy behandeling en voorkoming van VIGS nie, ignoreer die Koninkswet. Ons sou vandag sê dat hy onwetenskaplik optree omdat hy 'n deel van dit wat bekend is nie in sy behandelings- of voorkomingsplan gebruik nie. Dit is tog die twee gegewens waarmee ons as medici kan werk. Eerstens die skepping waardeur ons allerhande behandelingsmoontlikhede kan gebruik. Maar tweedens ook die Skrif wat aan ons duidelik maak wat ons in hierdie lewe nodig het om tot God se eer kan lewe (NGB art 2). Natuurlik is geloof nodig om te aanvaar dat die Skrif die Koningswoord van die Koning van die kosmos is en implikasie vir die alledaagse lewe het. Meeste medici en politici aanvaar dit nie meer nie, en voel dus dat die sewende gebod nie 'n plek in die voorkomingsplan van HIV het nie.

Maar - die wet van die HERE is *heilsaam*, ook vir die praktyk van die VIGS probleem. In die algemeen sou ons die welvaartsiektes kan opvat as gevolg van 'n onheilsame leefwyse en derhalwe 'n oproep tot bekering. Ons sou so ook VIGS kon sien as 'n oproep om die wet van God in ag te neem met betrekking tot die seksuele lewe. Ons sal vigspasiënte met christelike barmhartigheidsdiens binne die raamwerk van God se wet moet versorg.

ONTHOU: 'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK

LUTHER IN DIE WÊRELDSTAD

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

95 stellings op die kerkdeur

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur van die kerk in Wittenberg opgesit. Binne 'n baie kort tyd was dit oor die hele Duitsland versprei en baie gou was dit in die hele Europa bekend.

... en ook opgesit in stad Internet

Dit is ongelooflik hoe vinnig die geskrifte van Luther en die gedagtes van die Reformasie bekend geword het.

En dit is nou die wonder van stad Internet. Hier word die geskrifte van Luther - en die gedagtes van die Reformasie - nog vinniger en verder versprei. U hoef nie na Wittenberg te reis of na 'n biblioteek te gaan om dié beroemde stellings van Luther te lees nie.

Luther-webwerwe

Die belangrikste webwerf met werke van en oor Luther is dié van *Project Wittenberg* (<http://www.iclnet.org/pub/resources/text/wittenberg/wittenberg-luther.html>). Daar sal u van die belangrikste werke van Luther kry. Daar is eweneens skakels na ander belangrike webwerwe.

Buiten 'n biografie van Luther deur sy vriend Melancton, is daar 'n verskeidenheid beroemde werke van Luther. Ek dink in die eerste plek aan sy kommentaar op Galasiërs - sy

liefingsbrief - waarvan hy skryf: 'Die brief aan die Galasiërs is my (gunsteling) brief. Daarmee is ek getroud. Dit is my Katherine (my vrou)'. As u nou regtig graag 'n diep kyk in Luther se groot ontdekking - die geregtigheid deur die geloof - wil kry, moet u hierdie kommentaar bestudeer. U sal nooit daarvoor spyt wees nie.

Dan is daar ook Luther se Klein en Groot Kategismus, sy geskrifte oor die Christelike vryheid, die goeie werke, en nog baie meer. Verder is daar twee belangrike skakels (aan die einde van die blad) na preke van Luther. Die een is die skakel na *Reformation Classics* (<http://www.markers.com/ink/mlsermsindex.htm>) en die ander na die tuisblad van die *Ev. Trinity Lutheran Church* (<http://www.ultranet.com/~tlclcms/mlserms.html>). As u die eerste skakel volg, sal u sien dat die plasing van die preke van Luther nog in wording is, maar daar is al heelwat en dit lyk baie belowend. Die tuisblad van die *Ev. Trinity Lutheran Church* het 100 preke.

In 'n vorige artikel het ek vertel van die gratis Bybelprogram *Sword Project* (<http://www.crosswire.org/>). Daar sal u die Bybelvertaling van Luther, die weergawe van 1545, kry.

Op CD

Op die CD wat ek versprei, staan verskillende werke van Luther, soos sy kommentaar op Galasiërs, sy Klein en Groot Kategismus, die 95 stellings, 100 preke en Luther se tafelgesprekke.

LESERSREAKSIE

KERKVERBAND

Br RF van den Berg van Kilnerpark skryf:

Geagte redaksie,

Met die onderstaande wil ek reageer op die slot van die artikel 'Verrassing vir die GKSA' in *Waarheid en Dwaling* Jaargang 8 nommer 5 van Mei 2002 en hoop dat u plasing in u blad wil oorweeg.

Vir die ware eenheid

Dit is verblydend dat in hierdie artikel van *Waarheid en Dwaling*, soos in heel u blad, teen Skrifkritiek gewaarsku en stelling ingeneem word. Wat die susterkerkrelasie in hierdie land betref, word daarvoor egter net so maklik gespreek as oor die aangaan van formele korrespondensie met die Gereformeerde kerk (vrygemaak) in Nederland gepraat word. Asof daar reeds kerklike eenheid bestaan.

GKSA sinode 1973

Insake die gesprek tussen die GKSA, die NGK en die NHK van Afrika het die sinode in artikel 117 onder 5 en 6 aanvaar: 'Omdat die Kerk as Liggaam van Christus algemeen (universeel) is moet die kerkverband ook verder gaan as die nasionale (etniese, territoriale) grense, dit wil sê ekumenies wees, en

kom die idee van afsonderlike nasionale kerke (in die omvattende sin van kerkverbande) neer op 'n verdeling van die Liggaam van Christus. Waar 'n denominasionele verdeling van kerke onder een volk bestaan, moet alles gedoen word om die eenheid te herstel op grond en ter wille van die eenheid van die kerk van Christus'.

Afgesien daarvan dat die stelling die Liggaam van Christus is algemeen (universeel) Skriftuurlik nie begrond kan word nie, wil ek u aandag op enkele artikels in *Die Kerkblad* vestig.

Die Kerkblad

Allereers dat in *Die Kerkblad* van 8 Mei 2002 in die artikel 'Nou eers na 350 jaar' een van die deputate ekumeniese aangeleenthede van u sinode aan die slot van die artikel skrywe: 'Na driehonderdenvyftig jaar skyn die lig van die kerkeenheid wat nooit uitgedoof kon word nie, met 'n nuwe glans in ons wêrelddeel. Die konvent van Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika is nog in sy kinderskoene maar reeds doelgerig op pad om 'n duidelike bydrae tot kerkeenheid te maak'.

Ek weet nie of hier verwys word na die verslag van 'n werksessie van die tussenkerklike kommissie in *Die Kerkblad* 10 April

2002 nie, waar vermeld word dat 'n aanbeveling om tot kerkregtelike samewerking te kom aan die sinodes van die NGK, die GKSA en die Algemene Kerkvergadering van die NHK voorgelê is.

Dit blyk dus dat vandag van GKSA kant met nuwe glans en doelgerig na die eenheid van die nasionale kerke gestreef word wat dus meer is as formele kontakte in 'n tussenkerklike kommissie.

Nuwe Liedboek

In verband met die verwysing van Ds Nel na die nuwe liedboek deur u prematuur geag word wil ek u verwys na die voorstel van u sinode deputate in *Die Kerkblad* om die Psalms van die Nuwe Liedboek saam met die hersiene Psalms van die Totius beryming in die nuwe Psalmboek op te neem.

As dan kennis geneem word van die negatiewe beoordeling van die nuwe liedboek in u blad en in *Die Kerkblad* kan dit nie anders nie as die vraag oproep watter koers sal die GKSA gaan loop?

Regte Koers?

In 1950 toe die VGKSA gestig is het een van die lidmate die uitspraak gemaak: Die laaste jare is die mees kenmerkende van die GKSA dat geen standpunt ingeneem word nie. Hy het die opmerking gemaak in verband met die uitspraak van die sinode van 1942: 'Sinode het homself nog nie direk uitgespreek oor die grondslag van die nasionaal sosialisme nie, en kan dus op die huidige tydstip nie ingaan op die beskrywingspunte van Pretoria-Oos nie', asook die besluit van die sinode van 1946 om oor die kerklike moeities in Nederland geen uitspraak te doen nie, om so te voorkom dat die eenheid van die kerk nie verbreek sou word soos dit in Nederland gebeur het nie.

Die GKSA sinode van 1976 het die korrespondensie met die GKN (sinodaal) uiteindelik verbreek en sonder verdere ondersoek korrespondensie met die GKN (buiteverband, later NGK) aangegaan. Ondanks die kommissie wat oor die saak gerapporteer het se aanbeveling om bande te verbreek, het die GKSA sinode van 1982 op grond van die broederlike verhouding in sending daarteen besluit.

Daardeur het by die VGKSA en die GKN (vrygemaak) die vraag gerys of die GKSA wel altyd alles verwerp wat met die Woord van God in stryd is.

Geloof toon

Vind u dit nou vreemd dat die GKN (vrygemaak) en die VGKSA na die besluite van die GKSA sinode 2003 uitsien, welke koers ingeslaan word omdat die moontlikheid bestaan dat die besluit van die sinode GKN (vrygemaak) 1981 prematuur was? Dit gaan mos nie om blote kerklike eenheid nie, maar om eenheid in die waarheid. Ja die GKSA, GKN (vrygemaak) en die VGKSA bely dieselfde drie formuliere van eenheid, maar saam met Jakobus vra en bid ek dat die GKSA sinode 2003 die geloof uit haar werke (die besluite) toon. Sodat ons volkome een kan wees en die wêreld kan glo dat God sy Seun Jesus Christus in die wêreld gestuur het.

Ds GJ Meijer antwoord:

Dit is verblydend dat br Van den Berg op die betrokke artikel reageer. Veral in ag genome die heel laaste sin van sy brief is

dit van kernbelang dat gesprek gevoer word en bly word. Dit kan so maklik gebeur dat 'n - menslik gesproke - skaakmat posisie in kerklike gesprekvoering ontstaan, en die volkome eenheid tussen gelowiges waarvoor Christus in sy Hoëpriesterlike gebed bid geen werklikheid word nie.

Susterkerkrelasie

Br van den Berg se opmerking oor die susterkerkrelasie is nie heeltemal duidelik nie. Ter wille van die voortgang van die gesprek is dit van belang om enkele sake helder te stel:

- Die term 'susterkerkrelasie' word soms slordig gebruik, veral wat die verhouding tussen die GKSA, die NG Kerk en die NH Kerk betref.
- 'n Susterkerkrelasie kan slegs tussen kerke van een kerkverband bestaan.
- Tussen die GKSA en die NG Kerk asook die NH Kerk bestaan daar geen susterkerkrelasie nie, soos wat daar geen susterkerkrelasie tussen die GKSA en die VGKSA bestaan nie.
- Daar is nog nooit oor die aangaan van formele korrespondensie tussen die GKSA en die GKN (Vrygemaak) 'maklik' gepraat asof dit geen saak van groot erns is nie.

GKSA sinode 1973

Die sinodebesluit wat br Van den Berg aanhaal, behels meer as slegs die enkele paragrawe waarna hy verwys. Die woorde wat direk aan die betrokke paragrawe voorafgaan, lui soos volg: 'Ons moet egter konstateer dat daar tot ons teleurstelling nog nie (met toenadering tussen die 'drie Afrikaanse kerke' – GJM) ver gevorder is nie' (Acta 1973, p 282).

Sinode 1973 het verder kennis geneem van die belang van die besluit wat deur sinode 1958 geneem is: 'dit is die roeping van die kerk om dit wat ons uitmekaar hou, broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring in een kerkverband' (Acta 1958, p 79,80).

As 'n mens hierdie twee dele van die sinodebesluit in verband met mekaar lees, word dit duidelik dat die GKSA hulle nog altyd vir gesprekvoering met kerke wat dieselfde belydenisgrondslag het, beywer – sonder om prinsipiële verskille wat daar is onder die tafel in te vee.

Br van den Berg se opmerking dat dit nie Skriftuurlik begrond kan word dat die liggaam van Christus algemeen (universeel) is nie, is vreemd. Bely ons dan geen heilige, algemene Christelike kerk – die gemeenskap van heiliges nie?

Konvent van Reformatoriese Kerke

Br van den Berg is reg as hy stel dat daar met telkens nuwe glans na kerkeenheid gesoek word. So moet dit wees. Trouens, so moet die VGKSA ook voortdurend soek na kerkeenheid. En die VGKSA doen dit ook inderdaad. Daarvan is die geskiedenis van die afgelope jare 'n klinkklare bewys. Die uitbreiding binne die verband van die VGKSA gaan nie ongesiens verby nie.

Wat egter nie waar is nie, is dat nóg die Tussenkerklike Kommissie, nóg die Konvent van Reformatoriese Kerke 'n vorm van meerdere kerklike vergadering sou wees wat kerkverband veronderstel nie.

Nuwe Liedboek

Br van den Berg se verwysing na sinode deputate se aanbeveling insake die nuwe liedboek, as sou dit tekenend wees van die koers in die GKSA, is nie korrek nie. In die eerste plek word

die liedboek op hierdie stadium indringend deur die kerke bestudeer. Tweedens is die deputate se aanbeveling voorlopig. Dit is, volgens hulle eie rapport, in 'n fase van *beplanning*. Na aanleiding van die kerke se kommentaar moet die deputate tot 'n duideliker omlynde aanbeveling kom. Ds Nel se opmerking tydens die GKN (vrygemaak) sinode te Zuidhorn oor die invoer van die nuwe liedboek bly myns insiens prematuur.

GKSA en NGK

Dit is inderdaad 'n knelpunt dat die GKSA korrespondensie onderhou met 'n buitelandse kerk wat nie een is in kerkregering nie. Met name die korrespondensie met die Nederlands Gereformeerde Kerk (NGK) bring spanning te weeg, onder andere omdat die skeur tussen die NGK en die GKN (vrygemaak) diep en seer is. Aan die ander kant moet die volgende opmerking van sinode deputate van die GKN (vrygemaak) nie uit die oog (en die hart) verloor word nie: *'Met betrekking tot*

de relatie met de NGK zijn wij (GKN (vrygemaak) en GKSA – GJM) dichter bij elkaar gekomen. Er is wederzijds begrip over de huidige situatie. Laten we zoeken naar een mogelijkheid om – met behoud van gevoelens over de NGK (Nedl) – nouwer met de GKSA samen te werken' (Sinode Acta GKSA 2000, p 224).

Ten slotte

Die vraag bly staan: Wat verhinder die GKN (vrygemaak) om op sterkte van hulle 1981-uitspraak dat die GKSA ware kerk van Christus is, formele korrespondensie met die GKSA aan te gaan? Nee, nie om daarmee 'n eenheid te demonstreer wat nie op waarheid sou rus nie. Dit sou neerkom op 'n spel in die kerk van Jesus Christus – waaroor God toorn. Maar die spel waaroor God toorn kan ook op 'n ander manier gespeel word: as daar subjektief op allerlei probleem punte gelet word, terwyl die drie kenmerke van ware kerk objektief aanwesig is.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Arbeidsaam

In die *Deo Gloria* Nuusbrief, jaargang 3, nommer 17 van 31 Mei 2002 berig dr Callie Opperman oor 'n besondere gebeurtenis wat in Namibië plaasgevind het:

Ehafo wen groot kontrak (Republiek 2000. 30 Mei 2002)

'n Kontrak van drie maande ter waarde van N\$930 000 is pas aan Ehafo Trust deur die Europese Kommissie (EC) se Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne in Namibië vir die maak van skoolmeubels toegeken.

'Die kontrak was oop vir alle moontlike tenders en ek wens Ehafo Trust geluk dat dit aan hulle op 'n suiwer kommersiële en kompeterende basis toegeken is. Hulle is geensins bevoordeel omdat die meubels hier deur 'n groep spesiale mense vervaardig word nie', het mnr. Ron Kukler gesê.

Volgens die kontrak moet Ehafo Trust binne die volgende drie maande 'n gespesifiseerde kwota skoolmeubels vir laerskole in die Ondangwa-distrik vervaardig en aflewer. Skoolmeubels is voorheen deur die Namibiese Regering vanuit Suid-Afrika ingevoer. 'Meubels wat deur die opgeleide en gedeeltelike gestremde arbeid van Ehafo gemaak word, se standaard is gelyk aan dié van Suid-Afrika. Ons wil nie bedel op die strate nie maar werk vir 'n lewe', het mnr. Andrew Matjila, voorsitter van Ehafo Trust gesê.

Dr Opperman gee die volgende perspektief op die gebeure.

Ehafo is die naam van 'n Vereniging vir Gestremdes in Namibië wat onder andere werkseleenthede in werkswinkels net buite Windhoek verskaf. Die woorde van die voorsitter van Ehafo Trust 'Ons wil nie bedel op straat nie, maar werk vir 'n lewe' word deur DEO GLORIA geloof. In die tyd van groot werkloosheid en armoede is dit nie maklik om die rug te draai op 'n honger bedelaar nie, veral nie straatkinders nie. Maar dis altyd asof 'n mens bedelary aanmoedig. Daarom is die ideaal sekerlik dat iemand wat kan werk eerder 'n (klein) takie verrig vir 'n geldjie as wat dit net uitgedeel word. Daarom is dit lofwaardig dat die gestremdes van Ehafo se werk van so 'n standaard is dat hulle in die vrye mark vir 'n tender kon kompeteer! Is dit nie 'n voorbeeld vir baie mense wat volle gebruik van alle ledemate het nie?

Dit is perspektief om ter harte te neem, veral in die lig van die agtste gebod, waarvan ons in die Kategismus bely dat ons ons werk getrou moet doen (Sondag 42), en ons amp en beroep gewillig moet uitvoer – soos die engele in die hemel (Sondag 49). Armoede kan al te maklik 'n houding by iemand kweek dat die 'wêreld hom skuld'; en dienooreenkomstig met die hoed in die hand te gaan staan. Daarteenoor roep die Here sy kinders om – al is werkseleenthede skaars – steeds dankbaar vir en vanuit die verlossing in Christus te leef.

Algemene Ledevergadering

Datum:	Saterdag 12 Oktober 2002
Tyd:	09:30 tot 13:00
Plek:	Die Gereformeerde Kerk die Kandelaar
Onderwerp:	Skrifgesag en Reformasie



JG Meijer

15 Augustus 1931 – 27 Junie 2002

Dit het dit Here behaag om, presies 'n maand nadat breinkanker by ons broeder, medewerker, pa, oupa en vriend gediagnoseer is, hom in hemelse heerlijkheid op te neem. Op 27 Mei het hy siek geword. Op 27 Junie het hy gesterf. Op 2 Julie is hy begrawe.

'n Vol lewe

Vanuit die geloofswete dat alles genade is, kyk ons met dankbaarheid terug na dit wat God in die lewe van ons geliefde vir ons geskenk het.

Johan Meijer het in 'n gereformeerde pastorie as sewende kind van ds Johannes en mev Jantje Meijer groot geword. Ds Meijer (snr) was op daardie stadium predikant in Hoogeveen, Nederland. Seun Johan het die voetspoor van sy pa gevolg en is na skool as teoloog aan die Teologiese Skool te Kampen opgelei en toegerus. In 1957 is hy as predikant in Pernis (naby Rotterdam) bevestig. Vanaf Pernis is hy beroep en bevestig in Heemse (1961-1966) en Zwijndrecht (1967-1970). In September 1970 verhuis die Meijer-gesin na Suid-Afrika, nadat die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria die 39-jarige ds Meijer beroep het. Tot en met 1973 was hy predikant in Pretoria, waarna hy hom in Biblioteek- en Inligtingkunde bekwaam het. In 1979 ken Unisa 'n doktersgraad in Biblioteekkunde aan hom toe. Vanaf 1974 tot en met sy aftrede in 1992 was hy by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing werksaam.

Uit sy pen het talle geskrifte gevloei. Die tweedelige *leder een eigen zegen*, wat oor Jakob se seënige aan sy twaalf seuns handel, is sommer vroeg in sy bediening gepubliseer. Talle koerant- en tydskrifartikels met 'n teologiese strekking het gevolg. In Suid-Afrika het hy – buiten vele vakwetenskaplike bydraes – *Yster en Klei* (oor volkereverhoudings), *Vergeet Hom nie* (oor 'n Skriftuurlike geskiedenisbeskouing) en *Watter Skool* (oor die noodsaak en wyse van gereformeerde skoolonderrig) geskryf. Gedurende die vroeë sewentigerjare was hy stigter en redakteur van *Woord en Wandel*, 'n orgaan wat tot ontwikkeling van die gereformeerde lewe gedien het (huidige *Kompas* van die VGKSA). Vanaf die laat 1990's het hy medewerker en redakteur van *Waarheid en Dwaling* geword.

Benewens skryfwerk, wat as blywende erfenis 'n kosbare skat vir die nageslag is, was hy van hart en siel betrokke by kerkraadswerk, sinodewerk, 'n kursus vir belydende lidmate in die plaaslike gemeente waar hy lidmaat was, pastorale en kerkregtelike raad aan medegelowiges wat hom vanoor die hele land daarvoor gevra het, die bevordering van gereformeerde onderwys – veral by die Gereformeerde Skool Dirk Postma, die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel en die Stigting vir Gereformeerde Lektuur. Met alles het hy een uitgesproke doel voor oë gehad: die reformasie van die kerklike lewe.

Dankbaar

Met sy sterwe het daar plotseling 'n yslike leemte ontstaan – nie net in die familie- en vriendekring nie, maar ook in die kerk, kerkverband, skool en daar waar hy gewoon het. Nietemin is ons dank aan ons hemelse Vader verskuldig. Ons dank die Here dat Hy ons pa as kneg in sy diens gebruik het en as instrument in sy Vaderhand om die gawes en talente wat die Here hom gegee het, gewillig vir die koms van sy koninkryk en met vreugde tot nut en saligheid van sy kerk aan te wend. Die Here het hom geroep sodat hy nou reeds saligheid besit om God daarin te loof en te prys. Ons harte gaan uit na ons ma wat reeds twee en 'n half jaar in die Alzheimer-afdeling van Ons Tuis-bejaardesentrum versorg word en – weens haar verswakte toestand – van die skielike gemis nie weet nie.

Ons mag jubel in die Here en amen sê op wat ons saam met die digter van Psalm 16 bely: *By U, Here is ewig vreugde en volle vrede, en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

Meijer-familie